# Handleiding vir Diakens

**'n Kort opsomming van die ampswerk van diakens asook enkele praktiese riglyne om hulle behulpsaam te wees in die uitoefening van hulle ampswerk.**

**Saamgestel en uitgegee deur:**

## Streeksklassis Trans-Magalies

# Inhoud

**1. DIE OPDRAG** ..... 4
1.1 Bevestigingsformulier ..... 4
1.2 Artikel 25 en 26 ..... 4
**2. DIE DIAKEN – BEDIENAAR VAN DIE LIEFDESGEMEENSKAP IN DIE KERK VAN CHRISTUS** ..... 5
**3. ENKELE SKRIFTUURLIKE RIGLYNE VIR DIE BEDIENING VAN DIE DIAKEN** ..... 7
**4. DIE DIAKEN OP HUISBESOEK** ..... 8
4.1 Die Opdrag ..... 8
4.2 Huisbesoek by hulle wat nie ondersteuning ontvang nie ..... 8
4.3 Huisbesoek by die wat ondersteuning ontvang ..... 9
**5. BESOEKE IN BESONDERE OMSTANDIGHEDE** ..... 11
5.1 Die beproefde: ..... 11
5.2 Die eensame: ..... 11
5.3 Die bejaarde: ..... 11
5.4 Die behoeftige: ..... 11
5.5 Die werklose: ..... 12
**6. DIE DIAKEN EN DIE UITBOUING VAN DIE GEMEENSKAP VAN DIE HEILIGES** ..... 13
6.1 Verkenning ..... 13
6.2 Terrein: medebetrokkenheid ..... 13
6.2.1 Handreiking ..... 13
6.2.2 In die praktyk ..... 13
6.3 Skakeling met die ouderling en wyksuster ..... 14
6.4 Wyksbyeenkomste en gemeentefunksies ..... 14
6.5 Samevattend ..... 14
**7. DIE STOFLIKE VERSORGING VAN DIE BEHOEFTIGE** ..... 15
7.1 Inleiding ..... 15
7.2 insameling van stoflike bydraes ..... 15
7.2.1 Bydraes tot die diens van barmhartigheid ..... 15
7.2.2 Betrokkenheid van die gemeente ..... 15
7.2.3 Trusteeskap van geld en goedere ..... 15
7.2.4 Spesiale gevalle en goedere ..... 15
7.3 Uitdeling van stoflike bydraes ..... 16
7.3.1 Enkele riglyne ..... 16
7.3.2 Huisbesoek en Kommissies ..... 16
7.3.3 Rapport aan Diakonie ..... 16
7.3.4 Spesiale en dringende gevalle ..... 17
7.3.5 Betrokkenheid van die gemeente ..... 17
**8. DIE DIAKEN SE HULPVERLENING NA BUITE** ..... 18
8.1 Inleiding ..... 18
8.2 Terreinafbakening ..... 18
8.3 Kennis van die onderwerp ..... 18
8.4 Aard en omvang van hulp na buite ..... 19
8.5 Hulpverlening aan ander diakonieë ..... 19
8.6 Hulpverlening aan diakonale inrigtings ..... 19
8.7 Hulpverlening aan buite-kerklikes ..... 20
8.8 Slotopmerking ..... 20
**9. VERGADERINGS** ..... 21
9.1 Vergadering van diakens – art. 40 K.O. ..... 21
9.1.1 Hoe gereeld moet die diakens vergader? ..... 21

9.1.2 Hoe word vergadering gehou? ..... 21
9.1.3 Aard en inhoud van die vergaderings ..... 21
9.1.4 Toesig en teenwoordigheid van die predikant ..... 21
9.2 Kerkraadsvergaderings – art. 25 K.O. ..... 22
9.2.1 Rapportering ..... 22
9.2.2 Onderlinge sensuur - art 81 K.O. ..... 22
9.3 Die diaken en kerklike bydraes ..... 22

**10. TOEPASLIKE SKRIFGEDEELTES ..... 24**

10.1 By die siekes en beproefdes: ..... 24
10.2 By die weduwee en die agtergeblewenes: ..... 24
10.3 By die oues van dae: ..... 24
10.4 By die behoeftige ..... 24
10.5 By die gevallene: ..... 24

# 1. DIE OPDRAG

Met groot hartseer het die besef gekom dat die heerlike diakenamp in die kerklike lewe skynbaar gedegradeer is tot 'n amp ondergeskik aan die ander ampte. Vir baie mense was die diaken niks anders as 'n kollektant nie. Hy moes maar die bydrae-koevertjies uitdeel en weer die kerklike bydraes by die huise gaan haal. Sondae sien ons hulle in die kerk met die kollektesakkies, ry op en ry af. Hulle moet die lidmate tel wat die eredienste bywoon en aan die nagmaaltafel die bord en die beker aangee.

Op hierdie wyse is hierdie heerlike van God-gegewe amp nie alleen verskraal nie maar in wese vermoor. Die diaken is tog by uitstek die *priester* in die kerk van die Here. Dit is by uitstek die taak van die diaken om die lidmate te leer wat die onderlinge band van die *liefde* is tussen gelowiges, maar ook tussen alle mense. Die gemeenskap van die heiliges moet kragdadig deur die diaken uitgebou word, en die lidmate moet daartoe toegerus word. Gelowiges moet geleer word om in liefde en hulpbetoon mekaar se hande te vat en mekaar by te staan.

Hoe nodig het ons nie die behoorlike en kragtige funksionering van hierdie wonderlike amp nie? So baiekeer is lidmate maar net nommers. So baiekeer leef ons eenvoudig bymekaar verby. Hoe kan ek iemand liefhê wat ek nie ken nie? Hoe kan ek iemand help as ek nie bewus is van sy nood nie?

## *1.1 Bevestigingsformulier*

Die opdrag van die diakens word baie mooi saamgevat in die bevestigingsformulier:

"Die diakens moet ...deur die vervulling van hulle amp die heiliges toerus vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus. Dit is hulle roeping om, sover dit die stoflike aangeleenthede betref, sorg te dra dat lidmate nie uit die gemeenskap van die gelowiges uitval nie. Die omstandighede kan armoede wees, maar ook siekte, ouderdom, tewens alle omstandighede wat dreig om die lidmaat uit die gemeenskap van die gelowiges te laat uitval."

Daar moet die nodige stoflike middele wees vir die versorging van die behoeftiges, daarom lees om verder: "Daarom moet hulle die lidmate besoek en hulle opwek om barmhartig en mededeelsaam te wees." Wat die besteding en versorging betref sê die formulier: "Om dit na behore te kan doen, moet hulle die wat in nood verkeer, met goeie begrip en 'n bewoë gemoed in die Naam van Christus te hulp kom, nie net met die uiterlike gawes nie, maar ook met trooswoorde uit die Skrif." Hierdie heerlike Skrifgefundeerde opdrag word onderstreep deur die Kerkorde in artikels 25 en 26.

## *1.2 Artikel 25 en 26*

**Artikel 25:**

"Die eintlike amp van die diakens is om die liefdesgawes in geld en goedere wat aan die armes gegee word, noukeurig te versamel en dit met gesamentlike oorleg getrou en vlytig uit te deel volgens die eis en behoefte aan sowel die behoeftiges in die gemeente as aan ander; en verder om die wat in nood is te besoek en te vertroos en om goed toe te sien dat die gawes nie misbruik word nie. Die diakens moet in die kerkraad verslag doen van hulle werksaamhede en, indien verlang, ook voor die gemeente wanneer die kerkraad dit geskik ag."

**Artikel 26:**

"Die diakens moet ander liggame of instellings wat aan behoeftiges hulp verleen, versoek om met hulle oorleg te pleeg sodat die gawes des te beter uitgedeel kan word onder die wat die meeste gebrek het."

Mag u vind dat hierdie handleiding verderaan die opdrag van die Koning van die kerk aan sy diakens vir u sal ontplooi sodat u met blydskap in die hart sal uitgaan na die kudde van die Here.

# 2. DIE DIAKEN – BEDIENAAR VAN DIE LIEFDESGEMEENSKAP IN DIE KERK VAN CHRISTUS

Die doel met hierdie boekie is om aan die diaken leiding te bied in sy huisbesoek en ampswerk. Maar dan word leiding beoog vanuit 'n spesifieke hoek en met 'n spesifieke aksent. Hierdie aksent is vervat in die opskrif hierbo: die diaken as bedienaar van die liefdesgemeenskap in die kerk van Christus.

Met verloop van jare het die diakenamp ongelukkig feitlik 'n eensydige aksent gekry: armversorging. Hierdie toedrag van sake het hier in ons land saamgehang met bepaalde omstandighede, byvoorbeeld, depressie en droogte en gepaardgaande verstedeliking wat op sy beurt weer dikwels armoede tot gevolg gehad het. In daardie tyd was daar baie werk vir die diakens.

En vandag, in 'n tyd van betreklike oorvloed – het die diaken – 'n amp deur God self in en vir sy kerk ingestel – nog 'n taak?

Ons uitgangspunt is dat die diaken beslis en juis vandag 'n besondere taak het. Nuwere ondersoek van die Skrif in verband met die diakenamp het belangrike nuwe gegewens – ook vir die praktyk van die diakenamp – na vore gebring. Van die belangrikste gegewens is dat die amp van die diaken besien moet word vanuit die kenmerke van die eerste gemeente. Hierdie kenmerke word veral in Handelinge 2 vers 42 beskrywe:

"En hulle het gedurig volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede".

Vir ons is veral van belang dat die gemeente volhard het in die gemeenskap.

In die nuwe Afrikaanse vertaling word hierdie *gemeenskap* omskryf as "onderlinge verbondenheid" met mekaar. Inderdaad beteken hierdie gemeenskap (koinonia) om saam met iemand deel te hê of deel te neem aan 'n saak of bedrywigheid.

Hierdie hele gedagte van die saam wees en saam deel hê word die eienskap van die eerste gemeente. In Handelinge 2:44 v.v. word die gedagte van gemeenskap uitgedruk in die feit dat die gemeente by mekaar was en alles gemeenskaplik besit het. Die gedagte van gemeenskaplike besittings word verder uitgewerk in Handelinge 4 verse 32-34. In vers 34 staan die opvallende woorde "Nie een van hulle het gebrek gely nie". Dus: in daardie eerste gemeente was die onderlinge gemeenskap en meelewing so sterk dat daar geen armes was nie!

Dit is nou juis in hierdie lig dat ons die aandrang van die apostels in Handelinge 6moetverstaan: Daar het murmurering ontstaan omdat sekere weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is. Hierdie murmurering bedreig die gemeenskap in die jong gemeente. Daarom moes daar manne verkies word vir die "bediening van die tafels" en vir die "daaglikse versorging". Hierdie daaglikse versorging (diakonia) het bestaan uit die saamkom van gemeentelede en die bring van eetware en gawes wat weer aan elkeen volgens behoefte uitgedeel is en sáám geniet is.

Die daaglikse diens van die diakens was dus in wese die onderhouding van die Christelike gemeenskap; die keer dat 'n medegelowige nie uitval uit daardie saamwees en saamleef en saamdoen van die Christene nie. 'n Mens kan dit só stel: Die onderlinge gemeenskap was een van die hoofsake in daardie eerste kerk. Die bediening van die diakens (aanvanklik die Sewe) was juis gerig op bewaring en beoefening van hierdie onderlinge gemeenskap. *Die versorging van sekere arm weduwees was maar een wyse waarop die diaken hierdie onderlinge gemeenskap bewaar en beoefen het; dit was één bepaalde vergestalting van die saamlewe as kinders van God.*

Wat is in die lig van wat hierbo gesê is die taak van die diaken vandag?

As ons nou die saak uitgemaak het dat – in die woorde van J.C. Coetzee – "hierdie konkrete gemeenskapsbeoefening en liefdesbelewing 'n wesenstrek is van die bestaan van die gemeente en dat dit roep om amptelike leiding in die gemeente om die

gemeente in die beoefening van gemeenskap aan sy eie bestaan in Christus te laat beantwoord" – dan plaas dit die amp van die diaken in 'n wonderlike perspektief. Hulle taak is dan niks anders as "om in die gemeente van Christus die diens te mag onderhou, bevorder en uitbou van die konkrete belewing van die liefdesgemeenskap tussen die kinders van God ... Hierdie liefdevolle meelewing moet strek oor die *hele* front van gemeente-wees en van gelowig-wees in die samelewing" (Coetzee). Hiervan is bystand aan armes maar 'n onderdeel.

Hiermee word die roeping en ampsuitvoering van die diaken dus so wyd soos die gemeente en die wêreld gestel. Alles wat te doen het met bevordering van die onderlinge gemeenskap in die kerk lê op die terrein van die diaken. Hy moet by nuwe intrekkers wees, by dood en siekte; by immigrante, weduwees, dienspligtiges en hulle dierbares, werkloses, rampgeteisterdes, ens. Dit moet egter beklemtoon word: die diaken is nie alléén bedienaar van die Christelike liefdesgemeenskap nie, hy moet sorg dat die lidmate in sy wyk dit ook word en bly. Hy is die een wat hulle moet toerus, moet vertel: in hierdie huisgesin in ons wyk is nood. Kan jy daar help, deur bv. voorsiening te maak vir etes by 'n beproefde gesin; deur te help met begrafnisreëlings ens. Elke lidmaat moet self gemeenskap onderhou in sy wyk en omgewing, maar die diaken moet die leiding neem. Die diaken sal ook 'n oop oog moet hê vir die nood van gelowiges en gemeentes elders. Ook oor plaaslike gemeentegrense heen moet die diaken onderlinge geloofsgemeenskap bevorder en lidmate hieroor inlig.

Mag hierdie werk die gemeenskap in die kerk bevorder.

Mag u broeder diaken veel vreugde vind in die bediening van die Christelike liefdesgemeenskap in u gemeente!

# 3. ENKELE SKRIFTUURLIKE RIGLYNE VIR DIE BEDIENING VAN DIE DIAKEN

3.1 Die diaken wat as bedienaar van die liefdesgemeenskap in die kerk van Christus huisbesoek doen moet voor alles onthou dat die Heilige Gees die beslissende plek beklee in sy ampswerk. In Romeine 12 vers 7 sê Paulus dat bediening (diakonia) 'n gawe van die Heilige Gees aan die kerk is. Die diaken en sy dienswerk kom dus as geskenk van die Heilige Gees aan die gemeente.

Om bedienaar te wees van die liefdesgemeenskap in die kerk moet die diaken bid om die leiding en verligting van die Heilige Gees – ook voordat hy uitgaan om huisbesoek te doen.

3.2 Die diaken werk nie met nommers nie. Hy werk met mense – mense met 'n eie aard, aanleg, agtergrond, beroep, persoonlikheid, belewing en omstandighede. Hierdie beginsel stel Paulus duidelik in 1 Thess. 5:14 "... vermaan die onordelikes, bemoedig die kleinmoediges, ondersteun die swakkes ..." 'n Verdere voorbeeld is Paulus se optrede in sy huisbesoek. Teenoor man, vrou, kind tree hy telkens verskillend op (Kol. 3:18-21).

3.3 Die Christelike liefdesgemeenskap in die kerk hang ten nouste saam met verhouding. Die diaken is die man van verhouding. In sy wyk moet hy die beoefenaar van verhouding wees. Hierdie vereiste om verhouding te kan skep en onderhou word in die Skrif as 'n duidelike vereiste aan die diaken gestel. Hulle moet "hulle kinders en eie huise goed regeer" - 1 Tim 3:12. Die beeld van die huisgesin druk onderlinge verhouding uit. Inderdaad word die gemeente ook genoem "die huis van die lewendeGod" – 1 Tim. 3:15. As die diaken in sy eie huis liefdesgemeenskap kan skep, sal hy dit ook in sy wyk kan doen.

Die kernvereiste om verhouding te skep - van ons kant gesien – is om opreg na iemand te luister. Dit is nie verniet nie dat die liefdesgebod begin met die woorde: *Hoor,* Israel, die Here, onse God is 'n enige Here ... Markus 12:29-31.

Die diaken wat te veel praat en te min luister – hy kan verhoudinge vertroebel.

Ten slotte wil ek wys op die gesindheid waarmee 'n diaken sy werk moet doen. Vir amp en dienswerk word in die Nuwe Testament dieselfde begrip gebruik nl. diakonia. Van hier kom ook ons woord diaken. Die diaken - soos ook die predikant en die ouderling – is 'n dienaar, 'n dienskneg ('n slaaf!) van Christus. In onsself het ons geen gesag nie. Die Woord wat ons bring, - ook op huisbesoek – het gesag. Ons Koning Jesus Christus verleen gesag aan ons swak woorde as ons daarin ons Koning se woord oordra.

Ons hoogste vreugde is diensvreugde!

# 4. DIE DIAKEN OP HUISBESOEK

Baie mense, selfs diakens, sal miskien verbaas na hierdie opskrif kyk. Die diaken op huisbesoek? Is dit dan ook die taak van die diaken om huisbesoek in die ware sin van die woord te doen? Vir so baie mense het die diakenamp vervlak tot die blote afdra van bydrae-koevertjies en die opneem van die kollekte by die erediens. Hoe arm het ons nie hierdie heerlike amp gemaak nie!

## *4.1 Die Opdrag*

Christus het die toerusting en die opbouing van die gelowiges verbind aan die besondere ampte. So lees ons van die besondere ampte die volgende in Efesiërs 4:12 "... om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus ..." In Kolossense 1:28 lees ons: "Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel ..." In hierdie *toerusting van die gelowige* het die diaken ook 'n heerlike taak wat hy moet vervul.

Artikel 30 N.G.B. stel die taak van die diakens soos volg: "... dat ook die armes en bedruktes gehelp en getroos kan word na die maat van hulle behoeftes". Die Bevestigingsformulier vir diakens (verkorte vorm) vat dit pragtigsaam: "Die diakens moet net soos die ouderlinge *deur die vervulling van hulle amp* die heiliges toerus vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus".

Die diaken moet dus as draer van die *priesterskap* van Christus in die besonder, die ontplooiing bring van die priesterlike liefde en bewoënheid by die gelowiges, na binne en na buite! Ons kan dit ook anders stel: die diaken moet die gemeente lei tot die belewing en uitoefening van die heerlike priesteramp waarin elke gelowige, kragtens die amp van die gelowige, staan. Dit is die roeping van die diaken en daarom het hy 'n voortdurende taak in elke huis van die gemeente, of van die wyk wat aan sy sorg toevertrou is. Daarom moet hy met die Bybel in die hand en hart biddend huisbesoek doen. Met woord en daad moet die diaken van huis tot huis na die aard van die behoefte die barmhartigheid van die Saligmaker laat kristalliseer en dit sigbaar maak.

## *4.2 Huisbesoek by hulle wat nie ondersteuning ontvang nie*

Almal moet geleer word om barmhartig te wees, want hulle is die gelowiges aan wie barmhartigheid bewys is deur Jesus Christus.

Hoe nodig is bostaande stelling nie in die materialistiese tyd waarin ons leef nie. Hoe maklik vergeet die ryke nie dat daar aan hom oneindig veel barmhartigheid bewys word nie, en dat hy dit weer aan ander moet bewys nie. Almal, groot en klein, weet dat 'n geldstukkie (?) saamgeneem moet word kerk toe. Maar weet almal nog waarom? Weet die gemeente wat die behoefte is waarin daardie geldstukkies moet voorsien? Het die gemeente die geleentheid om biddend betrokke te wees by die versorging wat daar deur die kerk van die Here gedoen word?

Dit is die groot taak van die diaken om vanuit die Skrif die lidmate daarop te wys dat die oorsprong, voortgang en doel van die gee van liefdesgawes gegrond is in die oneindige barmhartigheid van Christus vir ons. Daarom is die betoning van liefde en barmhartigheid werklik die heilige plig van elke gelowige. Om werklik priester voor God te wees, en om daardie priesterlike liefde te belewe beteken om vervul te wees met 'n diepe bewoënheid ten opsigte van hulle wat hulp nodig het; voorbidding vir diesulkes te doen en om ten behoewe van hulle te offer. Hierin moet die diaken die lidmaat lei deur die gesprek wat hy voer en deur die voorbeeld wat hy stel. Diegene wat hierdie bystand nodig het, word aangewys in die bevestigingsformulier: "Die omstandighede kan armoede wees, maar ook siekte, ouderdom, tewens alle omstandighede wat dreig om die lidmaat uit die gemeenskap van die gelowiges te laat uitval".

Sal die klag van liefdeloosheid en koudheid en onpersoonlikheid nog so teen die kerk van die Here gerig word as die diakenamp weer na behore funksioneer?

Hoe wonderlik en God-verheerlikend moet dit nie wees om 'n diaken by jou op huisbesoek te hê, wat aan jou en jou huisgesin die woorde van 1 Johannes 4:11 voorhou: "Geliefdes, as God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê." Of miskien kom die aanklag om wakkerskud uit Matthéüs 25:35, 45 "Want Ek het honger gehad en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad en julle het My nie te drinke gegee nie ... Vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie".

So kom die diaken deur sy huisbesoek op hoogte van die toestande in elke huis. Die diaken se besoek moet gekenmerk word deur die geloofsatmosfeer wat dit skep, deur die vertroulike, intieme omgang met medegelowiges.

So sal hy soms die rykes moet vermaan teen uiterlike vertoon en weelde en hulle uit God se Woord leer dat ons net rentmeesters is van die goed wat God aan ons toevertrou het. So sal hy besef wanneer daar nooddruf in 'n huis is en sal hy saam met sy mede-diakens hulp kan verleen voordat daar 'n formele aansoek van daardie huis kom. Deur sy kennis van omstandighede in die huis, en deur die vertrouensposisie waarin hy staan, sal hy ook dikwels kan help sodat daar nie werklik nood ontstaan nie. Ons kan hier verwys na die groot taak wat die diaken kan vervul ten opsigte van die teruggekeerde dienspligtige wat miskien nie maklik werk kan kry nie en probleme het om weer by die gemeenskap in te skakel.

## *4.3 Huisbesoek by die wat ondersteuning ontvang*

Hierdie taak van die diaken word in die bevestigingsformulier soos volg aangedui: "...hulle moet die wat in nood verkeer, met goeie begrip en 'n bewoë gemoed in die Naam van Christus te hulp kom, nie net met die uiterlike gawes nie, maar ook met trooswoorde uit die Skrif."

Die versorging van die armes is 'n Goddelike opdrag en dit moet met liefde en teerheid verrig word. As die diaken dan ook waarlik besield en aangegryp is deur die ondeurgrondelike liefde en barmhartigheid van Christus, sal hy nie anders kan nie as om die armes steeds uit die Heilige Skrif te vertroos en hulle te wys op Christus. As die diaken die gawes afdra of stuur (!) sonder vertroosting uit die Woord van God en 'n gebed saam met en vir die arme, vertoon hyself nie daarin die beeld van die priesterskap van Christus wat hy juis by die gemeente wil uitbou nie. Dan is die versorging in wese geen barmhartigheidsdiens nie, maar staan dit op een lyn met die toelaes wat van die staat ontvang word. So 'n diaken is die heerlike amp waarin hy staan, nie waardig nie!

Wanneer die diaken in bewoënheid en liefde, met Skriflesing en gebed, die gawes afdra, verdwyn die eie persoon steeds meer op die agtergrond en verrys Jesus Christus, die groot, barmhartige Hoëpriester, altyd meer en meer voor die geloofsoog van die behoeftige. Maar dan is die diaken ook ambassadeur van die Koning van die kerk.

Om bostaande te verwerklik vereis natuurlik dat die diaken moet beantwoord aan die vereistes wat die Skrif stel. Handelinge 6:3 sê dat hulle manne moet wees "vol van die Heilige Gees en van wysheid".

Die diaken moet 'n goeie Skrif kennis besit en hy moet steeds besig wees om die Skrif te bestudeer.

Die arme moet gebring word by die skatkamers van die Woord van die Here – dan is die diaken die bedienaar van die barmhartigheid in die Naam van die Here en die arme weet dat hy geen verstoteling is nie, maar die ryklik begenadigde kind van God. "Al is ek ellendig en behoeftig – die Here dink aan my". (Ps. 41:18 [Waarskynlik word bedoel Ps. 40:18])

Wanneer die diaken op huisbesoek is, moet die wekroep van huis tot huis klink: "Laat ons dan, terwyl ons die geleentheid het, aan almal goed doen, maar meeste aan die huisgenote van die geloof". (Galasiërs 6:10)

Die Here voorspel in Matthéüs 24:12 dat in die laastedae "die liefde van die mense sal verkoel", en dit bring hierdie taak van die diaken so pertinent op die voorgrond. As die diaken hierdie deel van sy roeping getrou uitoefen, sal die liefde en die barmhartigheid in die kerk van die Here opvlam. So is die getroue arbeid van die diaken, wat self vervul moet wees met die geweldige liefde van Christus teenoor hulle wat aan Hom behoort, 'n magtige teëvoeter teen die koms van die tyd van liefdeloosheid. So sal die volk van God leer om nie maar net elkeen na sy eie belange te kyk nie, maar elkeen ook na die ander s'n. (Filippense 2:4)

# 5. BESOEKE IN BESONDERE OMSTANDIGHEDE

Die diens van barmhartigheid is 'n opdrag aan elke gelowige. Meer in besonder is dit 'n ampsopdrag aan die diaken. Die hongerige, dorstige, die vreemdeling, hy wat naak is, die sieke en selfs die gevangene in die tronk lê op die weg van die diaken as ampsdraer. Die hongerige moet gevoed word. Die dorstige se dors moet geles word. Die naakte moet geklee word en die sieke moet opgebeur word. Hierin neem die diaken die leiding, terwyl hy die lidmaat aanspoor en inspireer om sy of haar dienswerk te volbring.

*Om* nou sy ampswerk behoorlik te verrig, is dit nodig dat die diaken *o.a.* die volgende mense gereeld besoek: die beproefde, die eensame, die bejaarde, die behoeftige en die werklose.

## *5.1 Die beproefde:*

Die Here beproef ons op verskeie maniere. Daarom moet die diaken nie net siekte of dood as beproewing sien nie. Armoede, 'n teleurstelling in iemand se loopbaan of ideale, 'n kind wat deur sy optrede 'n streep deur sy ouers se opvoeding trek en meer dinge kan 'n ernstige beproewing meebring. Die diaken wat sy lidmate ken en sy hand op die pols hou, sal weet van hierdie beproewinge. En hoe baie kan 'n simpatieke oor nie beteken nie. 'n Handdruk of 'n onverwagse besoek is opbeurend. Laat hierdie besoeke gou tot hulle reg kom deur die gesprek te voer na dit wat kwel of 'n beproewing is. 'n Gepaste gedeelte wat uit die Skrif gelees word en 'n gebed waarin die beproefde aan die genadetroon van God opgedra word, moet deel van hierdie besoek(e) wees.

## *5.2 Die eensame:*

Afgesien daarvan dat die diaken andere sal aanspoor om mense wat eensaam is te besoek, moet hy dit as 'n besondere taak sien wat homself betref. Eensaamheid is 'n groot rede tot depressie. En dit kan voorkom of teëgewerk word deur gesprekvoering. 'n Weduwee of wewenaar, 'n pensionaris en andere kan hulle maklik terugtrek uit die gemeenskap.

Waar eensaamheid nie verander kan word nie, behoort 'n diaken die eensame daarop te wys dat hy of sy nooit verlate en verstoot is nie, omdat God teenwoordig is deur sy Gees en Woord. Waar eensaamheid verander kan word, lê dit op die diaken se weg om mee te werk aan hierdie verandering. Oortuigingswerk is soms nodig om iemand so ver te kry om liewer saam met ander in 'n losieshuis te gaan woon. 'n Tehuis vir bejaardes is ook beter as om 'n mens in 'n woonstel of huis terug te trek en aanraking met andere te vermy. Die eensame moet ook tot die oortuiging gebring word dat hy of sy 'n taak en opdrag het t.o.v. die gemeenskap van heiliges. Die gemeenskap moet beoefen word as iets wat deur God in sy genade gegee word.

## *5.3 Die bejaarde:*

Wanneer die skaduwees al langer word en die bejaarde meer en meer die aandskemering belewe, kan dit 'n geweldige uitwerking hê op baie mense. Dit kan die gevoel bring van vervulling wat in sig is. Dit kan dankbaarheid bring omdat die lewe vol en geslaagd was. Dit kan egter ook frustrerend wees om liggaamlike aftakeling te ervaar, te stry teen allerlei kwale, of om 'n gevoel van nutteloosheid te belewe. Die diaken het 'n groot taak om sulke bejaardes by te staan en te lei tot verdere roepingsvervulling. Onthou maar dat elkeen nog 'n lewenstaak en -roeping het solank God hom of haar die lewe skenk. Die diaken verrig 'n groot taak as hy hierdie mense lei om daarop te konsentreer. Baie kan gedoen word om onvergenoegdheid te bestry en dankbaarheid by die bejaarde te bevorder.

## *5.4 Die behoeftige:*

Dit is verkeerd om 'n behoeftige as 'n "geval" te hanteer en dan net te bereken hoeveel dit die diaken-kas gaan kos om so iemand te help in die nood. Dit is ook verkeerd om

net te reël dat die afdelingswinkel 'n af lewering doen. Gereelde besoeke om so iemand ook geestelik by te staan is baie nodig. Daar moet gepraat word oor God se doel met beproewinge. Daar moet ook uitweë gesoek word sodat 'n behoeftige uit hierdie toestand kan kom. Moedswilligheid, agtelosigheid of swak finansiële beplanning kan maklik lei tot 'n toestand van armoede. Die diens van barmhartigheid word in hierdie geval 'n opvoedingstaak. Dit moet gerig wees op opheffing om so 'n persoon uit te lig uit sy armoede

## *5.5 Die werklose:*

Van 'n diaken word die vermoë om te onderskei verwag. 'n Persoon wat werkloos is. is moontlik werksku. Dit is egter onbarmhartig om alle werkloses as werksku te kwalifiseer Behoorlike insig in elke geval van werkloosheid moet verkry word. En dan kan dit selfs nodig wees om ook die een wat werksku is (en sy gesin) te versorg met die nodige lewensmiddele. Die Christelike barmhartigheid laat nie toe dat strafmaatreëls soos die staak van diakonale hulp toegepas word nie. Oortuigingswerk is dikwels nodig. Vermaning moet ook nie agterweë bly nie.

Die werklose wat deur omstandighede buite sy beheer sonder werk sit, het gewoonlik finansiële probleme, maar ook probleme van 'n geestelike aard. Dit kan 'n geloofs-beproewing wees om te wil werk, maar daar is nie 'n geleentheid nie. Hierin het die diaken 'n groot taak. Afgesien daarvan om te help werk vind, moet die nodige simpatie daar wees. Begrip is nodig en insig noodsaaklik.

Elke lidmaat, wat sy of haar omstandighede ookal mag wees, moet gesien word as 'n lid van die liggaam van Christus. Elkeen het dan ook sy of haar besondere taak en plek en roeping t.o.v. hierdie liggaam. En die besondere taak van die diaken is juis die uitbouing van hierdie liggaam asgemeenskap van heiliges.

# 6. DIE DIAKEN EN DIE UITBOUING VAN DIE GEMEENSKAP VAN DIE HEILIGES

## 6.1 Verkenning

As die amp van die diaken insluit: "die *liefdevolle gemeenskapsbeoefening* met geloofsgenote wat konkreet tot openbaring kom (onder andere) in die gemeente se liefdesgawes vir behoeftige lidmate" (Acta 1970 p. 345)

- dan word dit 'n bediening van die liefdevolle, gemeenskapsbelewing en -beoefening in en deur die gemeente as geheel, na binne en na buite (kyk Acta 1979 p. 595)
- dit beteken "om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus" (Ef. 4:12)
- die uitvoering van die diaken se diens moet dus só wees dat "die gemeente beter bekwaam sal word om goed te doen: deur hulle kollektes en deur hulle gemeenskapsgevoel" (T. Eloff. Die Kerkblad 22.08.84, bl. 13)
- die diaken in sy barmhartigheidsdiens 'moet die gemeentelede toerus deur hulle in die daad van onderlinge diensbetoon te lei" (J.J. van der Walt. Diaken in die 20ste eeu – 'n terreinafbakening. '79 bl. 15).

## 6.2 Terrein: medebetrokkenheid

Die diaken moet sy diens dus breër sien as net versorging van hulpbehoewende lidmate – dit moet ook gesien word as 'n diens om die onderlinge betrokkenheid en meelewing in die gemeente te bevorder buite die eredienste om:

### 6.2.1 Handreiking

Die diaken moet die gelowiges betrek by en aanspoor tot die Christelike handreiking aan medegelowiges. Te lank is dit gesien as net die taak van die diakonie, terwyl die taak van die diaken "so omvattend en gewortel in die gemeente (is) dat hy voel dat hy vrouens, jongmense, pensionarisse saam moet neem om te werk" (B. Spoelstra. Diak. konferensie 1 September '84 te Rustenburg. Die Kerkblad 19Sept. '84).

A.J. du Plessis het by die dieselfde geleentheid gesë: "Daar is onder Christene n smagting na daad-christenskap ... En die diakenamp is in die besonder 'n daaddiens wat tot die daad van die Christelike liefde aanspoor. Daar is ook 'n behoefte aan gemeenskap. Mense is alleen. Ons lewe is versaaklik. Mense wil graag dieper by mekaar betrokke wees! (Die Kerkblad 19 Sept. '84).

Gevolgtrekking: Die diaken moet elke geleentheid wat hom voordoen aangryp om hierdie onderlinge gemeenskapsdiens van die lidmate aan mekaar te bevorder en die band van liefde, wat in die gemeenskap van die heiliges aan Christus en aan die medegelowiges bind, te versterk.

### 6.2.2 In die praktyk

Prakties kom dit daarop neer dat lidmate onder aansporing en leiding van die diakens, die medegelowiges sal besoek om hulle te bemoedig en by te staan in hul nood en krisistye, hetsy deur siekte, ouderdom, sterfte in die gesin of werkloosheid ens. voortgebring. 'n Besoek aan 'n beproefde kan veel beteken:

- 'n besoek aan die *sieke tuis* sal in die donker en somber siekekamer, 'n ligstraal van Christelike liefde en meelewing indra;
- 'n besoek in die *hospitaal* sal die siek gelowige wat eensaam voel en wat worstel om die hand van die Here raak te sien in sy ellende, opbeur met die besef dat hy of sy nie vergeet en verlaat is nie;
- 'n besoek ten tye van *droefheid en rou* of van teleurstellings, kan die deure oopmaak

vir onderlinge hulpbetoon;

- 'n besoek ten tye van *vreugdes* soos by die geboorte van kinders, verjaarsdae ens. bind gelowiges onderling verder;
- daar is soveel *bejaardes,* wat alleen woon of in tehuise versorg word, wat smag na 'n helpende hand by die aankoop van die nodige;
- daar is ook diegene wat slegs met groot moeite by die *kliniek* of die *dokter* kan kom vir die gereelde ondersoeke of noodsaaklike behandeling;
- die wat sonder bystand en hulp nie die *eredienste* kan bywoon nie en wat afhanklik is van vervoer deur ander om by die kerk te kom;
- daar is die *verslaafdes* aan drank en verdowingsmiddelsaan wie 'n helpende hand ter ondersteuning gebied kan word;
- die gesin van die broodwinner wat *militêre diens* verrig, mag hulp verlang in een of ander opsig, of hyself by ontslag om weer in kerk en samelewing in te burger;
- nuwe lidmate wat *ingetrek* het te verwelkom en by te staan waar nodig. Dit is 'n bindendefaktor wat nie uit die oogverloor moet word nie.

Die diaken word hierin egter 'n sleutelfiguur wat moet toesien dat niemand in sy wyk vereensaam of uitval uit die gemeenskap van die heiliges nie. So sal "hierdie liefdevolle meelewing moet strek oor die *hele* front van die gemeente-wees en van die gelowig-wees in die samelewing" (J.C. Coetzee: Wees oor niks besorg nie).

## 6.3 Skakeling met die ouderling en wyksuster

Hierdie praktiese hulpbetoon en meelewing van lidmate onderling, veronderstel ook dat die ouderling en wyksuster in al die gevalle geken sal word, om ook hulle hulp en samewerking te verkry. Al staan die onderlinge hulpbetoon en meelewing onder die leiding en inisiëring van die diaken, dan het die ouderling nog sy herderlike en regerende roeping om te vervul wat dikwels ter sprake mag kom. Die wyksuster kan as vrou dikwels makliker en beter (?) sekere take verrig as wat die diaken as man dit kan doen. Die wyksuster kan dus kostelike hulpdiens vir die diaken in sy dienswerk lewer.

## 6.4 Wyksbyeenkomste en gemeentefunksies

Hier het ons ook te doen met geleenthede waar die onderlinge band en gemeenskapsgevoel tussen die gelowiges versterk word en dit lê dus op die breëre terrein van sy dienswerk, daarom behoort die diaken betrokke te wees by die skep en organisering van sulke byeenkomste. Sulke samekomste bied nie net geleentheid vir gesellige verkeer van die lidmate nie, maar verder vir bespreking van die raakpunte in die diakonale dienswerk in sy breë verband en vir die bevordering van gemeenteprojekte wat onder die leiding van die kerkraad geloods word. Dit betrek ook die ouderling en die wyksuster, wat dieselfde doel nastreef nl. om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk tot opbou van die liggaam van Christus.

## 6.5 Samevattend

Deur die diens van die diaken kan die gelowiges self aktief word in die "liefdevolle gemeenskapsbeoefening met geloofsgenote" (Acta 1970 bl. 345), soos dit verwag word van die lede van die liggaam waarvan Christus die Hoof is. So word uitvoering gegee aan Christus se opdrag in Joh. 13:34,35: "Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is".

# 7. DIE STOFLIKE VERSORGING VAN DIE BEHOEFTIGE

## *7.1 Inleiding*

In 2 Korinthiërs 8:9 lees ons:

"Want julle ken die genade van ons Here Jesus Christus, dat Hy, alhoewel hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word".

Om goed ag te gee op die taak van die diaken is dit noodsaaklik om vanuit hierdie waarheid die kudde van die Here ook stoflik te versorg want:

- Christus het arm geword om ons geestelik ryk te maak.

- Ons moet uit dankbaarheid help om die wat in nood is op stoflike gebied ryk te maak in die geloofslewe.

- God se seën is 'n belofte op die wat hulp aan die armes gee.

Om die diaken in hierdie heerlike taak te help, word kortliks op die volgende gewys:

## *7.2 insameling van stoflike bydraes*

In die bevestigingsformulier van diakens staan:

"Hulle moet getrou en ywerig die bydraes en goedere wat vir die armes gegee word, versamel en bewaar; hulle moet ook so nougeset sorg dat daar tot ondersteuning van die armes goeie middele gevind word".

### 7.2.1 Bydraes tot die diens van barmhartigheid

Die bydraes wat die gemeente gee uit dankbaarheid om die te versorg wat hulpbehoewend is, word in die erediens ingesamel. Die diakens verrig die insameling as betoning van die Christelike liefdesdiens (priesterlike amp).

Dit is egter nie die enigste wyse van insameling nie, want afhangende van die besondere aard *van* hulp wat nodig is, kan die diakonie in die nuusbrief van die kerk, met huisbesoek of by wyse van 'n afkondiging 'n beroep op die gemeente doen tot spesiale bydraes. Dit kan dan op so 'n plek en tyd versamel word wat goed gevind word.

### 7.2.2 Betrokkenheid van die gemeente

Die werk van die diaken moet nie in die geheim gedoen word nie. Dit is belangrik dat die gemeente bewus is van die behoefte aan fondse en goedere wat bestaan. Dit mag selfs vir die diakonie soms nodig wees om, met goedkeuring van die kerkraad, 'n kort vergadering met die gemeente te hou ten einde almal in te lig oor die diens van barmhartigheid wat verrig word en die gemeente op te roep tot meelewing en hulp met die versorging.

### 7.2.3 Trusteeskap van geld en goedere

Dit is absoluut noodsaaklik dat van alle geld en goedere wat ontvang is, ordelik en behoorlik boek gehou word. Die diakonie tree op as trustees en moet dit wat ingesamel is ter versorging van behoeftiges uitdeel.

### 7.2.4 Spesiale gevalle en goedere

Nood en behoefte moet deeglik en verantwoordelik ondersoek word en aan die hand daarvan moet 'n benodigheidslys opgestel word en indien meer benodig word vir uitdeling en versorging as wat die diakonie beskikbaar het, behoort 'n spesiale insameling in die gemeente gedoen te word. In sommige gevalle is dit selfs beter om goedere soos klere, kos en beddegoed in te samel om op so 'n wyse 'n verantwoordelike uitdeling te bewerkstellig. Dus moet daar nie net uitgedeel word dit wat ingesamel is nie, maar daar moet bepaal word wat is nodig.

## *7.3 Uitdeling van stoflike bydraes*

In die bevestigingsformulier van diakens staan:

"Hulle amp behels verder die uitdeling. Daarvoor word nie alleen die gawe van onderskeiding en versigtigheid vereis om die bydrae net te bestee waar dit nodig is nie, maar ook blymoedigheid en opregtheid, om met 'n bewoë hart en toegeneë gemoed die armes te help".

### 7.3.1 Enkele riglyne

Elke diakonie behoort vir homself riglyne te bepaal waarvolgens uitdeling behoort te geskied. Sake waaraan gedink moet word is:

7.3.1.1 Wie word as behoeftig beskou?

7.3.1.2 Wat word as nood beskou?

7.3.1.3 Hoe moet 'n begroting saamgestel word en watter feite is nodig om sinvol vir die versorging van armes te voorsien?

7.3.1.4 Wie besluit oor die uitdeling van fondse en goedere?

7.3.1.5 Wat is die verantwoordelikheid en bevoegdheid van die dagbestuur in die gevalle van nood tussen vergaderings?

7.3.1.6 Behoort 'n diakonie 'n neseier op te bou en indien wel, hoe groot moet die wees?

### 7.3.2 Huisbesoek en Kommissies

Die sleutel tot effektiewe verrigting van die diakenamp is geleë in huisbesoek, soos reeds in hoofstuk 4 behandel.

Die diaken behoort hom van elke lidmaat en gesin in sy wyk se lewensomstandighede te vergewis en met bewoënheid en op eerbiedige wyse ook te vra hoe dit gesteld is met die lidmaat en gesin se stoflike welstand.

Die gawe van onderskeiding is 'n belangrike element in die mondering van die diaken en ons moet God voortdurend bid om die gawe.

Wanneer nood vermoed word, is dit goed om dit by die eerste en beste geleentheid aan die diakonie of sy dagbestuur te rapporteer. 'n Kommissie bestaande uit die wyksdiaken en die diaken van die naburige wyk, behoort dan 'n spesiale huisbesoek te reël waartydens die stoflike behoefte deeglik ondersoek word. Moontlik sal 'n vraelys wat vooraf opgestel is, baie help, maar dit moet nie lyk na 'n inspeksie nie.

### 7.3.3 Rapport aan Diakonie

Na die ondersoek, behoort die wyksdiaken 'n kort bondige verslag in te dien, met besliste aanbevelings wat strook met die riglyne van die diakonie.

Die rapport en die aanbevelings behoort die volgende in te sluit:

7.3.3.1 Aard van nood.

7.3.3.2 Hoe lank dit reeds duur en die verwagting oor hoe lank dit kan duur.

7.3.3.3 Aard van hulp benodig, byvoorbeeld geld of goedere.

7.3.3.4 Die persoonlike betrokkenheid wat die wyksdiaken beoog en watter leiding en advies hy aan die behoeftige kan gee oor die aanwending van die hulp. Dit is soms nodig om iemand te help om sy eie geldsake te hanteer met behulp van 'n eenvoudige begrotingsisteem.

Die diakonie bly in die laaste instansie gesamentlik aanspreeklik vir die korrekte hantering van die middele tot sy beskikking.

### 7.3.4 Spesiale en dringende gevalle

Buigsaamheid in die hantering van die middele moet behou word en riglyne moet nie so star toegepas word dat hulpverlening maande sloer en uitgestel word nie.

Die diakonie behoort sy dagbestuur (of twee lede) die nodige bevoegdheid te verleen om in spoedeisende gevalle op te tree en daarna die nodige verslag te doen aan die diakonie.

Dit is hoogs waarskynlik dat die hulp van die predikant ook nodig sal wees in spoedeisende gevalle.

### 7.3.5 Betrokkenheid van die gemeente

By herhaling is dit nodig om hier weer te meld, dat die diaken optree as gesant van God en sy kerk. Daarom is dit nodig om een keer per jaar tydens huisbesoek, 'n kort gesprek met lidmate te voer oor die wyse van versorging in die gemeente.

Met die *insameling* en *uitdeling* van bydraes, moet die diaken dit steeds doen in die lig van God se Woord en dit op so 'n wyse doen dat dit tot opbouing van alle lidmate se geloof en die gemeenskap van die heiliges is.

# 8. DIE DIAKEN SE HULPVERLENING NA BUITE

## 8.1 Inleiding

Het u geweet dat:

- 30% van die wêreldbevolking besit oor die 80% van die wêreldinkomste;
- meer as die helfte van die mense op die aarde leef onder die broodlyn;
- meer as 30 miljoen mense sterf jaarliks 'n hongerdood?

Mag 'n diakonie sy oë hiervoor sluit?

In Hand. 20:35 sê Paulus dat ons deur arbeid die swakkes moet help, en onthou dat Christus gesê het dat dit beter is om te gee as om te ontvang. In Gal. 6:2 sê Hy dat ons mekaar se laste moet dra. So sal ons die Wet van Christus vervul. Paulus stel dit selfs duideliker in vers 10 waar dit blyk dat daar nie slegs 'n kerklike en interkerklike funksie is nie. maar ook 'n buitekerklike.

## 8.2 Terreinafbakening

In hoeverre strek die diakonie se liefdesdiens buite die grense van die gemeente? Dit is 'n wesenlike probleem aangesien al hoe meer instansies by die kerk aanklop om hulp: wie moet gehelp word?

'n Basiese toets wat aangewend kan word,. is om te bepaal of sodanige instansie in wese Christelik van aard is en of dit ook ten doel het om die nood van ander te help dra. So is daar byvoorbeeld geen probleme met 'n kinderhuis van die kerk nie. Aan die ander kant is daar instansies wat glad nie "kwalifiseer" nie, bv. die Johannesburgse Duiweboervereniging. Die probleem lê egter by die groot grys area tussen die twee uiterstes. Dink maar aan die Kankervereniging van Suid-Afrika – waar sal die instansie op u skaal geplaas word?

Die probleem kan in 'n groot mate oorbrug word met die inwin van kennis. Kennis aangaande die instansie, kennis van sy behoeftes, inligting rakende ander bronne van inkomste van sodanige instansie, bv. van owerheidsweë, e.d.m.

Elke diakonie bepaal dus in 'n mate sy eie terrein van liefdesdiens na buite aan die hand van kennis en inligting oor die instansie.

## 8.3 Kennis van die onderwerp

Oorsigtelike inligting word verskry vanuit 'n instansie se korrespondensie aan die diakonie waar om hulp aansoek gedoen word. Hierdie inligting kan aangevul word met kennis wat reeds van ander soortgelyke instansies ingewin is.

Plaas die instansie gevolglik op die skaal en toets dit aan die hand van die oorsigtelike kennis wat tot beskikking is. Die doel hiervan is om te bepaal of hulp aan sodanige instansie verleen moet word of nie, en nie om die aard en omvang van die hulp vas te stel nie.

Soms kan voldoende hulp verleen word op grond van die oorsigtelike kennis van die instansie en sy behoeftes, maar in die oorgrote meerderheid van gevalle is dit nie voldoende nie. Vir 'n diakonie om sy liefdesdiens ten volle na buite aan te bied, moet omvangryke kennis opgedoen word. Vir hierdie doel kan 'n kommissie aangestel word. Die kommissie moet met die instansie korrespondeer, die instansie kan besoek word, dit kan gereël word dat 'n verteenwoordiger van die instansie die diakonie persoonlik inlig rakende die probleme wat ondervind word. Eers aan die hand van hierdie detail kennis kan 'n diakonie sinvol besluit oor die aard en omvang van die hulp wat aangebied kan word.

Dit word aanbeveel dat hierdie kommissie al die beskikbare inligting, pamflette, brosjures en dokumente duidelik merk, in 'n katalogus opneem en in veilige bewaring

hou vir toekomstige gebruik.

## 8.4 Aard en omvang van hulp na buite

Nadat besluit is om bystand te verleen en die nodige kennis rakende die instansie en sy behoeftes ingewin is, is die volgende stap om die aard en omvang van die beoogde hulpverlening te bepaal.

Wat die aard betref is finansiële hulp die voorhandliggende. 'n Diakonie behoort reeds in sy jaarlikse begroting voorsiening te maak vir finansiële bystand aan kerklike instansies soos ouetehuise en kinderhuise. In baie ander gevalle kom die liefdesdiens ook tot sy reg deur die aanbied van geldelike bystand. Die omvang van die bystand word bepaal deur die finansiële vermoë van 'n diakonie.

Die diakonale liefdesdiens moet en mag egter nie noodwendig hier eindig nie. Die diens van die diaken is veel meer as net die gee van geld.

Daar sal gevolglik gepoog word om die ware diakonale diens na buite te illustreer met spesifieke verwysing na hulp aan ander diakonieë, diakonale-inrigtings asook buite-kerklikes.

## 8.5 Hulpverlening aan ander diakonieë

Wat blanke diakonieë betref sal volstaan word met die opmerking dat finansiële bystand in die meestegevallevoldoende is nadat die diakonie homself vergewis het van die meriete van die saak.

Wat is egter die nood in die anderskleurige diakonieë van ons kerk? Is blanke diakonieë enigsins bewus van die probleme wat hulle anderskleurige broeders ondervind?

Daar kan byvoorbeeld gelet word op die twee Gereformeerde gemeentes in die woonbuurt Mamelodi, digby Pretoria. Die Gekombineerde Sendende Kerkraad bewillig jaarliks duisende rand om hierdie kerk aan die gang te hou. Dra u as diakonie hiervan kennis? Daar is baie redes waarom daardie diakonie sukkel om die mas op te kom. Die lidmate is hoofsaaklik vrouens en kinders wat min of niks tot barmhartigheid kan bydra. Mans is skaars, en die wat wel op die kerkraad verkies word, dra gewoonlik weinig kennis van die ampspligte.

Die veld lê braak. Tref dit u nie dat blanke diakonieë (afsonderlik of gesamentlik) met groot vrug hier bystand kan verleen nie? Finansiële bystand, ja sekerlik, maar veel meer. Hierdie diakonieë moet geleer word, gehelp word, bygestaan word. Eersterangse kennis kan opgedoen word deur hulle te ontmoet. Gesels met hulle en vind uit waar die probleme lê. Besluit op 'n aksie en voer dit deur. Almal sal hierby baat. Het u dit al oorweeg om die sendingpredikant te nooi om u vergaderings toe te spreek? Blanke diakonieë mag nie die rug keer op die probleme van anderskleurige diakonieë nie. Dit is God se opdrag dat broeders in Christus mekaar se laste moet help dra.

## 8.6 Hulpverlening aan diakonale inrigtings

Daar is al heelwat besin en gepubliseer oor diakonale inrigtings. Die bekendste hiervan is sekerlik die ouetehuise en kinderhuise.

Daar sal gevolglik na die kinderhuis gekyk word as voorbeeld van diakonale hulpverlening.

'n Kinderhuis huisves hoofsaaklik onversorgde en sorgbehoewende kinders wat deur die hof daarheen verwys is omdat onder andere:

- die ouers (dikwels geskei) nie vir die kinders wil of kan sorg nie, en/of
- die lewe van die ouers sodanig is dat die nie heilsaam vir die kind is om daar te bly nie, en/of
- die kinders mishandel word.

Die President Kruger-Kinderhuise het direk ontstaan as gevolg van bemoeienis van diakens en is gevolglik onlosmaakbaar verbind aan die diens van barmhartigheid.

Afgesien van finansiële barmhartigheidsbetoon kan diakonieë ook op ander wyses hul amp tot seën van die kinderhuis uitvoer. Die kind moet op sy weg na volwassenheid so gelei en begelei word dat hy sy plek in die samelewing kan volstaan.

'n Diakonie kan sy diakens motiveer om lidmate op hoogte te bring van die omstandighede van die kind en om voorbidding vir hulle te doen. So kan die diakonie 'n skakel vorm tussen goeie, godvresende lidmate aan wie 'n kind vir naweke en vakansies toevertrou kan word. Dink maar hoe sal so 'n kind, soos enige ander kind, dit nie waardeer as daar ook in hom belanggestel word nie. Dink maar aan die blydskap in sy hart as sy "vriende" buite die kinderhuis sal kom kyk as hy aan atletiek of rugby deelneem.

Finansies is onontbeerlik, maar nie alles nie. Ons diakens moet betrokke wees.

Daar is baie leesstof waarmee diakonieë op hoogte kan kom oor die onderwerp:

- Die Prys van wat Verkoop is: 1935-1974
- Die Barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in S.A. (1859-1949) - dr. J.H. Coetzee
- Die diens van barmhartigheid: Handleiding vir Diakens – ds. J. Postma
- Die Diaken en die Kinderhuis – ds. R. Maré in die Goue Kandelaar 1979

## *8.7 Hulpverlening aan buite-kerklikes*

Wanneer buite-kerklike instansies ter sprake kom, is dit van groot belang dat die diakonie hom vergewis van die doelstellings van sodanige instansies.

Dit word verkry deur kennis wat van die instansies ingewin word. Daar moet op gelet word dat sodanige instansies ook ander bronne van inkomste het.

Maar daar is ook buite-kerklike individue en gesinne. Hier moet veral gekyk word na die evangelisasiegevalle. Hulle is mense wat van buite nader na die kerk en God beweeg. Die diakonale liefdesdiens moet hulle ook insluit. Die gevolg van "Die kerk stel werklik in my belang, ook in my nood", sal baie daartoe bydrae dat hierdie mense die begeerte sal hê om volwaardige lidmate te word.

## *8.8 Slotopmerking*

"Ons moet ons hand van diens in dieselfde mate na ons medemens uitsteek as wat ons in die geloof na God gryp. Die geloof ruk ons nie uit die wêreld weg nie, maar dwing ons tot liefdesdiens. Anders gesê: Ons moet minder weelderige kerke en luukse pastorieë bou en meer gee vir tehuise vir bejaardes, verslaafdes, verwaarloosde kinders en ander uitgeworpenes van ons wrede industriële samelewing". – J.M. Vorster, Het die Kerk nog betekenis?

# 9. VERGADERINGS

## *9.1 Vergadering van diakens – art. 40 K.O.*

"Die diakens moet gereeld saamkom om met aanroeping van die Naam van God te handel oor die sake wat hulle amp aanbetref en die bedienaar van die Woord moet daaroor goedtoesig hou en, indien nodig, daarby teenwoordig wees".

### 9.1.1 Hoe gereeld moet die diakens vergader?

Dit hang van omstandighede in die gemeente af. Om goed te funksioneer sal diakens normaalweg *maandeliks* op 'n vasgestelde tyd vergader. Kom dringende nood voor, kan dit met die weeklikse samekoms vir die eredienste hanteer word. Die skriba moet sodanige handelinge en besluite opteken en dit as byvoegsels tot die werklike vergadering notuleer.

### 9.1.2 Hoe word vergadering gehou?

Elke vergadering moet met aanroeping met die Naam van die Here geskied (art. 32 K.O.). Diakens tree immers op as gesante van ons Here Jesus Christus om aan die ellendiges hulp te verleen. Om te konstitueer moet die diakens uit eie geledere 'n *voorsitter* en 'n *skriba* verkies, wie se onderskeie funksies gereël word in art. 34 en art. 35 K.O. Daarby is 'n *kassier* natuurlik onmisbaar.

### 9.1.3 Aard en inhoud van die vergaderings

Diakonale vergaderings is, net soos die van die kerkraad, 'n *amptelike diens* van ampsdraers van die kerk. Dit is soewerein in eie kring omdat dit eiesoortige sake hanteer. Die kerkraad kan dus nie aan die diakens voorskryf hoe hulle eie sake moet hanteer nie. Die diakens doen op 'n ander wyse as die kerkraad mee aan die *kerk-regering.* Die diakens besluit self oor die *óf, hoe, wie* en *hoeveel* gehelp en getroos moet word volgens Gods Woord. Die kerkraad moet homself egter steeds vergewis of die diakonale amp ooreenkomstig die Skrif, Belydenis en Kerkorde bedien word.

**Hoe lyk die agenda?**

Art. 40 sê die diakens kom saam "om te handel oor die sake wat hulle amp aanbetref."

Sake wat gereeld bespreking verg is die *insameling* en *uitdeling* van fondse – nie net die *dat* daarvan nie, maar ook die *hoe,* aan *wie* en *hoeveel.*

Ander aangeleenthede wat besinning en optrede vereis is byvoorbeeld hulp aan lidmate sonder vervoer; bejaardes se huisvesting; afhanklikes van dienspligtiges; lidmate wat buite aksie is as gevolg van ernstige siekte of beserings; geboortes en sterfgevalle; die bevordering van meelewing en eensgesindheid in die gemeente. Verder alle hulpverlening na buite, byvoorbeeld diakonale inrigtings, armes in die kerkverband, ook in kerke onder ander volksgroepe, noodleniging aan mense wat deur natuurrampe getref is.

*Wyksverslae,* of dit nou maandeliks of kwartaalliks geskied, vorm 'n belangrike deel van die agenda. Dit moet verkieslik 'n skriftelike verslag wees – op 'n voorgeskrewe vorm – wat dan mondelings toegelig word. Sake soos die volgende word genoem: getal gesinne besoek; bydraes vir barmhartigheidsdiens; nuwe intrekkers, asook lidmate wat verhuis het; vermelding van nood en aanbevelings in die verband. Dit sal soms nodig wees (hoe jammer ook al!) om seker te maak of n diaken se verslag *eg* is. Die huisbesoek word immers soms verwaarloos sonder dat die diaken die moed het om te sê dat hy een of ander probleem ondervind.

### 9.1.4 Toesig en teenwoordigheid van die predikant

Die predikant se toesig en teenwoordigheid vloei voort uit die beginsel dat die Woord van God ook die diakonale diens moet lei. Die predikant kan ten opsigte van prinsipiële sake

die weg wys asook agtergrondinligting oor lidmate verskaf. Hy het egter net *adviserende stem* en mag daarom nooit die vergadering domineer en die diakens onmondig hou nie.

## *9.2 Kerkraadsvergaderings – art. 25 K.O.*

### 9.2.1 Rapportering

Die diakens moet *in die kerkraad* (lw. nie *aan* nie, want dit veronderstel ongelykheid in die ampte) verslag doen van hulle werksaamhede. Dit berus op die beginsel dat die opsieners moet toesien dat ook die diakens hulle amp na behore vervul (vgl. art. 23 K.O.). Die verslag word so dikwels as wat deur die kerkraad vasgestel is op die sg. breëkerkraad gelewer. Die kerkraad kan, indien nodig, reël dat ook *in die gemeente* verslag gedoen word.

Die verslag bevat hoofsaaklik inligting oor beskikbare fondse, aantal lidmate en/of gesinne wat ondersteun word (sonder dat name genoem word); die aard van die ondersteuning; hoeveel in kontant of middele bestee is; die gesindheid van die gemeente oor barmhartigheidsdiens; hulp wat na buite verleen is, ens. In geval van 'n *beleidsprobleem* moet dit in die kerkraad behandel word sodat met die gesamentlike advies van die predikant, ouderlinge en diakens 'n besluit geneem kan word. Kan die kerkraad dit nie afhandel nie, wend hy hom tot die Klassis.

### 9.2.2 Onderlinge sensuur - art 81 K.O.

"Die bedienaars van die Woord, die ouderlinge en diakens moet onder mekaar die Christelike sensuur uitoefen en mekaar oor die bediening van hulle amp vriendelik vermaan".

Hierdie voorskrif kan vergelyk word met die aan die gelowiges om onderling op mekaar ag te gee en mekaar se laste te dra. (vgl. o.a. 1 Tes. 5:14,15; Ef. 4:1-3; Gal. 6:1 ev.; Kol. 3:13-17; 1 Tim. 5:20). Daar moet gelet word op mekaar sodat elkeen sal weet hoe hy hom in die huisgesin van God moet gedra (1 Tim. 3:15).

*In 'n volle vergadering* van ouderlinge en diakens – minstens voor elke Nagmaal – moet die ampsdraers mekaar in die lig van die vereistes en die opdrag waaraan Christus hulle gebind het beoordeel. As bevind word dat iemand *nalatig, slordig* of *eiewillig* was (iets wat tot ampsontrou kan lei); of as daar met versoekinge gespeel word; of as daar enigiets is wat iemand se bediening bedreig, moet sodanige broeder betyds *gewaarsku, bestraf en bemoedig* word. Art. 81 bied geen geleentheid vir 'n klag nie, maar vir 'n *broederlike* en *vriendelike vermaning* om juis 'n klag te voorkom. Hierdeur word die diakens, net soos die ouderlinge, gemotiveer en bemoedig om die amp behoorlik en getrou uit te oefen.

As geoordeel word dat 'n broeder 'n vermaning verdien moet dit op goeie gronde berus. Die een wat vermaan word, moet die vermaning ook in 'n goeie gesindheid aanvaar en onderneem om dit wat verkeerd is reg te stel. Oor watter sake gaan die onderlinge sensuur? Oor die *leer* en die *lewenswandel* van die ampsdraers. Die voorsitter vra élke broeder of hy iets aan te merk het op enige ander broeder in die bediening (die predikant ingesluit) rakende sy amp of sy algemene gedrag.

## *9.3 Die diaken en kerklike bydraes*

Hewige debatte is al gevoer oor die *metode* waarop kerklike bydraes ingesamel word. Wie is daarvoor verantwoordelik – die ouderlinge of die diakens? Ons weet die *beginsel* is dat die lidmate die bydraes moet gee. Die metode waarop dit verkry word verskil van plek tot plek. Die kerklike bydraes word nietemin beheer deur die breëkerkraad. Dit kan daarom nie beweer word dat die diakens niks met die bydraes te doen het nie. Waar dit gebruiklik is om kerklike bydraes te gaan "haal" (in stede daarvan dat lidmate dit "bring"), moet ons onderskei tussen die "eintlike ampspligte" en "algemene administratiewe pligte". Laasgenoemde pligte moet dan so verdeel word dat die eintlike

ampswerk van nog die ouderling, nog die diaken, nog die predikant skade ly. Volg die weg wat vir die kerk van die Here die beste sal wees.

# 10. TOEPASLIKE SKRIFGEDEELTES

Om die diaken te help in sy voorbereiding vir die besoek in besondere omstandighede bied ons hier 'n aantal Skrifgedeeltes wat gebruik kan word.

## *10.1 By die siekes en beproefdes:*

| | |
|---|---|
| Esegiël 34:11-16 | Hebreërs 9:27-28 |
| 2 Konings 20:1-7 | Job 2:6-10;5:17en 18 |
| Psalm121 | Jesaja 38:9-20; 40:27-31 |
| Mattheus 14:22 en 23; 6:25-34 | Jesaja 43:1-8; 53:3-7 |
| Mattheus 8:14-17; 11:25-30 | Efesiërs 3:14-21 |
| Psalms 23; 42; 43; 46; 62; 91; 121 | Jakobus 1:2-4; 5:13-16 |
| Psalms 27; 30; 34:16-23; 41; 139 | Openbaring 21:4-7 |
| 2 Korinthiërs 4:8-19 | Romeine 8:31-39 |
| Markus 9:14-29 | Filippense 4:4-9; 4:10-15; 4:16-23 |

## *10.2 By die weduwee en die agtergeblewenes:*

| | |
|---|---|
| Rut. 1:15-21 | Deuteronomium 32:6-12 |
| Filippense 4:10-20; 1:19-26 | 1 Korinthiërs 7:29-31; 15:16-18 |
| Jesaja 40:1-8 | 1 Thessalonisense 4:13-18 |
| Johannes 5:19-29 | Openbaring 14:13; 21:1-7 |
| 1 Korinthiërs 5:1-10 | Psalm 16; 62; 73; 139 |

## *10.3 By die oues van dae:*

| | |
|---|---|
| Psalm 71:4-9; 23; 90; 91; 139 | Jeremia 31:7-10 |
| Jesaja 46:1-5 | Prediker 12:2v.v. |
| Johannes 2:10 | Daniël 6:1-12 (1:21) |
| Filippense 4:1-23 | 2 Samuel 19:31-38 |

## *10.4 By die behoeftige*

| | |
|---|---|
| Openbaring 2:8-11 | Spreuke 22:1-16 |
| Filippense 4:10-13 | 2 Korinthiërs 8:1-15 |
| Mattheus 25:31-46 | Galasiërs6:1-10 |
| 1 Johannes 3:1-21 | Psalm 133 |
| Mattheus 6:19-34 | Deuteronomium 14:26-29 |

## *10.5 By die gevallene:*

| | |
|---|---|
| Lukas 10:31 en 32 | Mattheus 25:40 |
| Spreuke 24:11 | Jesaja 8:17 |
| 1 Johannes 3:1-12 | 2 Kronieke 14:1-12 |

Verskeie van bogenoemde Skrifgedeeltes word kortliks verklaar in die boekie *"Wees oor niks besorg nie"...* C.J. Malan e.a., en kan vrugbaar deur die diaken gebruik word.